

## Maandelikse gemeentebrief Julie 2018

### Winter – ‘n kleurversameling van genade

Wintervakansie ... uiteindelik! Die tweede kwartaal van 2018 is verby. Dit het soms die wind uit party van ons se seile gehaal. Vir ander was dit seepglad, maar uitputtend. Dit voel asof elke jaar vinniger verbygaan soos wat ons ouer word...

Vir elkeen van ons is daar 24 uur in ‘n dag. Soms voel die ure lank, en soms voel dit asof die ure in ‘n dag te min is vir alles wat ingepas moet word. Noudat dit vakansie is en die druk van die skool minder is, kan ouers dalk ‘n bietjie asem skep. Kollegas by die werk neem dalk verlof, en die gejaag is ‘n bietjie minder.

Miskien is winter nie jou gunstelingseisoen nie. Winter is nie my vriend nie. Ek hou nie daarvan om koud te kry nie en staan moeilik op in die oggend. Die vaal kleure van die natuur dwing my telkens na binne. Gelukkig het die Here lank voor ons nog op aarde was, geweet presies wat ons nodig het. Wintertyd. Rustyd. Hersteltyd. ‘n Tyd van verandering, voorbereiding en afwagting op ‘n nuwe seisoen. Miskien kan ons hierdie tyd gebruik om krag bymekaar te maak vir die twee kwartale wat voorlê. Miskien ou gewoontes afleer en ‘n nuwe gewoonte aanleer. Miskien jou dag so ‘n klein bietjie anders inkleur met God se kleure vir jou lewe.

Ons het onlangs by KIX-kerk Gebedsversoeke bekendgestel. Elkeen kon daardie Sondag anoniem iets op ‘n briefie skryf. Ek wonder of ouers weet waaroor kinders hulle bekommer, benewens skool en eksamens. Die politieke situasie in ons land, werkloosheid, prestasiedruk, siekte in die gesin of familie, moeilike onderwysers, die verhouding tussen ouers – al hierdie dinge druk op hulle harte. Maar meer nog wil ek met julle deel waarvoor hulle dankbaar was: ouers was bo-aan die lysie; ook oupas en oumas “wat al baie oud is”; goeie sportafrigters; en ‘n babasussie wat gesond is, “al het mamma so gesukkel om haar te kry”. Daar was baie meer “dankie-” as “asseblief-briefies”.

Vir ‘n oomblik het ek my voorgestel dat elke gebed ‘n kleur in God se kleurversameling verteenwoordig. As ek my dag kan inkleur met Sy genade sal ook hierdie winter genadetyd wees. Miskien gee die winter ons kans om te dink oor wat regtig belangrik is. Ons moet kies hoe ons elke sekonde van ons tyd spandeer, want wat verby is, is verby. Eendag gaan ons wonder hoekom ons nie ons dae met God se kleure ingekleur het nie; waarom ons die minder mooi kleure gekies het, terwyl ons die geleentheid gehad het om ons dae met pragtige kleure te vul.

My skoonma het my geleer dat as mens ‘n “crazy quilt” maak, jy die mooi én minder mooi lappies nodig het, want die mooi lappies lyk nog mooier langs die vaal lappies, en die minder mooi lappies vul die mooi lappies aan. Soek in jou lewe hierdie winter die dinge wat vir jou en jou geliefdes mooi herinneringe sal nalaat. Maar moenie spyt wees oor die hartseerdae, of minder goeie tye nie. Soos die bekende gesegde lui: “Without the rain, there would be no rainbow.” Daar sal altyd “reën” in die lewe wees, maar fokus doelbewus daarop om ook die reënboogkleure van God se genade raak te sien – in die drukkie van ‘n vriend, die oproep van ‘n vriendin of ‘n bietjie ekstra tyd om iets te doen wat vir jou lekker is.

In Psalm 52:8 staan: Maar ek sal wees soos 'n groen olyfboom in die huis van God; ek vertrou op die goedertierenheid van God vir ewig en altyd.

Mag jy en jou geliefdes in hierdie seisoen 'n rykdom van genadekleure tussen die vaal dae raaksien. Jy het die keuse om te fokus op die reën of op die reënboog; die vaal blokkies lap, of die vrolike helder blokkies. Vertrou op God se genade, en deel jou vreugde met ander in die huis van God – hulle het soms ook 'n bietjie kleur nodig.

**Ilze de Villiers**  
**Jeug Koördineerder**